Hoor ons Gebed!
Hoor my gebed, Here, Luister tog na my smeking. U is getrou en regverdig, antwoord my tog!
(Ps 143:1)
Gebedsgids
JERIGO MURE
GEBEDSNETWERK
Gebedsgids ook beskikbaar in Engels, Sotho, Xhoza, Zoeloe, Pedi en Tswana.
Bestel by: Jerigo Mure, 012-3653213, info@jwipn.com of www.jwipn.com

Hoor ons gebed!

Mobiliseer die Kerk om vir ons land te bid

Werkplek: Vermeerder gebedsgroepe in die werkplek – begin of sluit aan by ‘n groep in jou invloedsfeer.

3 Ongereddes: Bid vir ten minste 3 ongeredde mense wat jy ken.

Plaaslike gemeentes: Moedig jou plaaslike gemeente aan om een dag per week vir 24 uur te bid. Begin met ‘n paar ure en bou op tot 24 uur. Wanneer een dag gevestig is, oorweeg ‘n tweede dag.

24/7 Stadswye gebedswag: 5-7 gemeentes kan ‘n volledige 24/7 gebedswag vorm waar elke gemeente een dag in die week bid en so word al 168 ure gevul.

Skole/Universiteite: Moedig skole/ universiteite aan om 2 dae per kwartaal vir 12-24 uur te bid in ‘n maklik bereikbare kamer/plek.

Tronke: Probeer om gebedsgroepe binne tronke te vestig, moedig dag-en-nag gebed aan. Begin deur ten minste een dag per week te vul met gebed.

Individue: Vermeerder jou eie persoonlike tyd met God deur gebed of die lees van die Woord.

Hoe om te bid

- Bid met geloof. God het belowe daarom glo ek, want God lieg nie.
- Bid nederig (Indien moontlik, kniel voor die Here as jy jou verootmoedig).
- Bid met hoop. Niks is vir die Here onmoontlik nie.
- Vertrou die krag van die Naam van die Here Jesus Christus.
- Vertrou die krag van die bloed van die Here Jesus Christus.
- Vertrou dat die Heilige Gees deur jou sal bid.
- Bid vrymoedig. Herinner God aan sy beloftes.
- Bid sonder oordeel, aanklag of veroordeling.
- Anker jou gebed in die liefde, genade en barmhartigheid van ons hemelse Vader, wat wil hê dat mense na Hom moet terugkeer, hulle sonde bely, sy vergifnis ontvang en gered word.
- Laat toe dat jou hart gebroke word wanneer die Heilige Gees goddelike berou oor die toestand van die Kerk en die land in jou werk.
- Fokus jou gebed eerstens op God se eer en heerlikheid, op die redding van die verlorenes en dan op jouself en jou behoeftes.
- Bid God se Woord terug na Hom.
- Gee uiting aan jou begeerte en verlange dat Jesus in ons land vereer word.

Roep die Naam van die Here Jesus Christus aan

Neem ‘n minuut of twee om jou hart en gedagtes voor die Troon van Genade stil te maak.

- Spreek jou bedoeling uit om in die Naam van Jesus Christus vir die Kerk en land te bid.
- Gee jouself as ‘n instrument in die hand van God oor.
- Vra die Here Jesus om Homself en sy las vir die land aan jou te openbaar.
- Bid enigiets wat by jou opkom terug na die Here.
- Bid die volgende stadig en met eerbied:
  - Here Jesus Christus, wees my, ‘n sondaar, genadig.
  - Here Jesus Christus, U is die Hoof van die Kerk.
  - Here Jesus Christus, U is ons Hoëpriester aan die regterhand van die Vader.
  - Here Jesus Christus, U is die Koning van die konings en die Here van die here.
  - Here Jesus Christus, U sal u kerk bou en die poorte van die doderyk sal nie daarteen stand hou nie.
  - Here Jesus Christus, U is waardig om te ontvang al die eer, heerlikheid en seën.
  - Here Jesus Christus, Hoor ons gebed.

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir die Kerk…

Om God te ken

– Vir 'n gees van wysheid en openbaring om God te ken (Ef.1:17)
– Om vervul te word met die kennis van God se wil tot alle geestelike wysheid en begrip (Kol.1:9-12)
– Dat die Seun van God vir ons begrip sal gee sodat ons Hom, die ware God, kan ken. (1Joh.5:20)
– Dat ons Jesus kan ken, en die krag van sy opstanding, sodat ons kan deel in sy lyding, en gelykvormig word aan Hom in sy dood en opstanding. (Fil.3:10,17)
– Dat ons sal groei in die genade en kennis van ons Here en Verlosser Jesus Christus (2Pet.3:18)

Om God se liefde te beleef

– Rig ons harte tot die liefde van God en die lydsaamheid van Christus (2Tes.3:5).
– Om gewortel en gegrond te wees in liefde, en in staat te kan wees om saam met al die gelowiges te begryp wat die lengte, breedte, hoogte en diepte van die liefde van Christus, wat alle kennis oortref, is. (Ef.3:17-19).
– God is liefde, en wie in die liefde bly, bly in God en God in hom. (1Joh.4:16)
– Dat Jesus en die Vader na ons sal kom en in ons woning kom maak (Joh.14:23).
– Dat die Heilige Gees God se liefde in ons harte sal uitstort (Rom.5:5).

– God bewys sy liefde aan ons deurdat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (Rom.5:8).

Vir reiniging en heiligmaking

– Dat die God van vrede ons volkome heilig sal maak (1Tes.5:23-24).
– Dat ons harte deur geloof gereinig sal word (Hand.15:9).
– Dat die Kerk geheilig sal word deur die was met die water van die Woord (Ef.5:26).
– Dat die bloed van Christus ons gewetes sal reinig van dooie werke sodat ons die lewende God kan dien (Heb.9:14).
– Dat die Vader ons sal heilig in die waarheid; Sy Woord is die waarheid. (Joh.17:17).
– Was my deeglik van my ongeregtighede, en reinig my van my sonde! (Ps.51:2).
– Dat ons tot God sal nader, sodat Hy tot ons kan nader. Laat ons, sondaars, ons hande was en ons, dubbelhartiges, ons harte reinig. (Jak.4:8).

Persoonlike toewyding

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir die Kerk...

Om verander te word in die gelykenis van Christus

- Dat Christus in ons harte deur geloof sal woon (Ef.3:17).
- Dat ons deur die beloftes van God deelgenote sal word van die goddelike natuur (2Pet.1:4).
- Dat almal van ons tot die eenheid van die geloof sal kom en tot die kennis van die Seun van God, tot volkome volwassenheid, tot die mate van die volheid van Christus. (Ef.4:13).
- Dat Christus in ons gestalte sal verkry (Gal.4:19).
- Dat ons nie aan die wêreld gelykvormig sal wees nie, maar verander sal word deur die vernuwing van ons gedagtes (Rom.12:2).
- Dat ons almal wat met onbedekte gesigte die heerlikheid van die Here aanskou, van heerlikheid tot heerlikheid, deur die Heilige Gees, verander sal word. (2Kor.3:18).
- Dat ons die rykdom van die heerlikheid van God se geheimenis, Christus in ons, die hoop op heerlikheid, sal ken (Kol.1:27).
- Dat God ons 'n nuwe hart en 'n nuwe gees sal gee, en die hart van klip sal verwyder (Eseg.11:19).

Om gevul te wees met hoop

- Dat ons sal weet wat die hoop van die roeping van God is (Ef.1:18).
- Herinner God aan sy Woord waarin Hy ons

laat hoop het (Ps.119:49).
- Dat God die planne wat Hy vir ons het, sal openbaar: planne van welvaart, nie van teëspoed nie, om vir ons 'n toekoms en hoop te gee (Jer.29:11).
- Dat die God van hoop ons met geloofsvreugde en vrede sal vul, sodat ons, versterk deur die Heilige Gees, oorvloediglik sal hoop (Rom.15:13).
- Dat ons nie sal rou soos diegene wat nie hoop het nie (1Tes.4:13).
- Dat ons sal wag op dié salige hoop, die verskyning van ons God en Verlosser, Jesus (Tit.2:13).
- Dat ons siele geanker sal wees aan die hoop wat agter die voorhangsel ingegaan het (Heb.6:19).

Om God se krag te ken

- Om te glo: Aan God behoort alle sterkte (Ps.62:12).
- Om die onmeetlike grootheid van sy krag namens ons wat glo, te ken (Ef.1:19).
- Om deur die Gees met krag versterk te word in ons innerlike wese (Ef.3:16).
- Dat ons geloof in die krag van God sal rus (1Kor.2:5).
- Om te glo dat Jesus die presiese weergawe van God se wese is en dat Hy die heelal deur die Woord van sy krag onderhou (Heb.1:3).

Persoonlike toewyding

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir die Kerk...

Vir Eenheid

- Dat die God van geduld en bemoediging ons die vermoë sal gee om eensgesind te leef, sodat ons die God en Vader van ons Here Jesus Christus eendragtig uit een mond, kan verheerlik (Rom.15:5,6).
- Dat die Kerk eensgesind, medelydend, vol liefde en ontferming en nederig sal wees (1Pet.3:8).
- Om te streef om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van vrede (Ef.4:2-3).
- Dat ons nie net na ons eie belange sal omsien nie, maar ook na die belange van ander (Fil.2:2-4).
- Dat ons gelyke sorg vir mekaar sal dra, saam sal ly en saam sal juig as ander gemeentes eer ontvang (1Kor.12:24-27).
- Want waar eenheid is, daar beveel die Here sy seën (Ps.133:1-3).

Om mekaar lief te hê

- Dat ons liefde nie sal afkoel nie (Mat.24:12).
- Dat ons mekaar lief sal hê sodat die wêreld sal weet dat ons Jesus volg (Joh.13:34-35).
- Dat ons so sal liefhê dat ons ons lewens vir ander sal aflê (Joh.15:13).
- Dat ons mekaar sal voorgaan in eerbetoning (Rom.12:10).
- Dat ons mekaar in liefde sal verdra (Ef.4:2).
- Dat ons liefde menigvuldige sondes sal bedek (1Pet.4:8).

– Dat ons mekaar nie sal vernietig met ons liefdeloosheid nie (Gal.5:14-15).
– Dat ons ons vyande sal liefhê en goed doen aan dié wat ons haat (Luk.6:27).

Om vrug te dra

– Dat ons in Jesus sal bly en Hy in ons, sodat ons kan vrug dra (Joh.15:4,5).
– Dat God ons sal snoei sodat ons meer vrug kan dra (Joh.15:2).
– Dat ons gevul sal wees met die vrug van geregtigheid deur Jesus Christus (Fil.1:11).
– Dat ons lewenswandel Jesus sal behaag deurdat ons vrug dra in elke goeie werk, terwyl ons toeneem in die kennis van God (Kol.1:10).
– Dat ons die vrug van bekering sal dra (Mat.3:8).
– Dat ons vrugte sal dra wat sal hou (Joh.15:16).
– Dat ons die vrug van die Gees sal dra: liefde, vreugde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedighied, selfbeheersing (Gal.5:22,23).

Persoonlike toewyding

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir die redding van verlorenes...

- God begeer dat alle mense gered sal word en tot kennis van die waarheid sal kom (1Tim.2:4).
- Die dood van 'n goddelose behaag nie die Here nie. Hy het behae daarin as iemand terugdraai van verkeerde weë (Eseg.18:23).
- God is geduldig met ons want Hy wil nie dat iemand verlore gaan nie, maar dat almal hulle tot Hom bekeer (2Pet.3:9).
- Jesus het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie (Mar.10:45).
- Die verlorenes sal hoop vind in die Naam van Jesus (Mat.12:21).
- Onthou, julle was ook eens geskei van Christus, sonder hoop en sonder God in die wêreld (Ef.2:12).
- Dat die Heilige Gees die mense in ons land sal oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh.16:7-8).
- Dat God die Vader die harte van mense na Hom sal trek (Joh.6:44).
- Deur die genade van God is bekering en vergiffenis van sonde vandag nog steeds beskikbaar vir ongelowiges (Luk.24:47).

Bid vir 3 ongereddenes

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir die verkondiging van die Evangelie...

- Ek skaam my nie vir die Evangelie nie, want dit is God se verlossingskrag (Rom.1:16).
- Dat Christene hul oë sal oopmaak om die siele-oes raak te sien (Joh.4:35).
- Dat die Kerk opnuut sal besef dat ons opdrag is om die goeie nuus te verkondig. (Mar.16:15).
- Here van die Oes, stuur werkers na die oesland (Mat.9:37-38).
- "Hier is ek. Stuur my!" (Jes.6:8).
- Dat die evangelie vinnig sal versprei en geëer word (Hand.13:49).
- Vir 'n oop deur vir die Boodskap (Kol.4:3-4).
- Vir vrymoedigheid om die geheimenis van die evangelie vreesloos te verkondig (Ef.6:19-20).
- Dat God die oë van ongelowiges sal oopmaak, sodat hulle kan wegdraai van die duisternis na die lig en van die mag van Satan na God (Hand.26:18).
- Dat die Kerk haarself onberispelik sal gedra tussen die ongelowiges van ons land (1Pet.2:11-12).
- Dat ons ons geloof effektief sal uitdra (Flm.1:4-6).

Persoonlike toewyding

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir die krag van die Heilige Gees...

- Dat ons die Heilige Gees sal ken (Joh.14:17).
- Dat die Heilige Gees die Kerk sal bekragtig om getroue, effektiewe getuies te wees (Hand.1:8).
- Dat die Heilige Gees ons in die volle waarheid sal lei (Joh.16:13).
- Dat die Heilige Gees se gawes in die Kerk herstel sal word en gebruik sal word vir koninkrykswerk (Heb.2:4).
- Dat die Heilige Gees die prediking van die Woord sal bevestig met tekens en wonders (Rom.15:19; Heb.2:4).
- Vir vergifnis omdat die Kerk menigmaal die Heilige Gees bedroef en teenstaan (Ef.4:30; 1Tes.5:19).
- Vir die uitstorting van 'n gees van gebed en smeking op die Kerk (Sag.12:10).
- Dat die Heilige Gees herlewing en tye van verkwikking sal bring vir die mense in ons land (Hand.3:20).
- Dat die lewende water van die Heilige Gees die dors van baie mense in ons land sal les (Joh.7:37-39).
- Ons verklaar dat herlewing, reformasie en herstel nie deur geweld kom nie, maar deur die Gees van God (Sag.4:6).

Persoonlike toewyding

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir ons land...

- Geseënd is die land wie se God die Here is! (Ps.33:12).
- Laat U Koninkryk kom, vestig U geregtigheid en reg (Luk.11:2; Jes.9:7).
- Ons land en sy mense is in God se beplanning (Deut.32:8; Hand.17:26).
- God is die hoogste gesag in die volkere (2Kron.20:6; Job 12:23).
- Dat ons land gereinig sal word van afgodsdiens, onsedelikheid, bloedvergieting en onreg (Lev.18:24).
- Dat God se reddingskrag in ons land bekendgemaak sal word (Ps.67:2).
- Dat ons land sal reageer wanneer God ons dissiplineer (Ps.94:10).
- Dat God die sluier van sonde en onkunde oor ons land sal verwyder (Jes.25:7).
- Dat God se Naam nie belaster sal word in ons land nie (Eseg.20:9).
- Dat God sy heerlikheid in ons land sal openbaar (Eseg.39:21).
- Dat ons land haarself aan God sal verbind (Sag.2:11).
- Bid die guns van die Here vir ons land af (Sag.8:22).
- Dat bekering en vergifnis van sonde in ons land verkondig sal word (Luk.24:47).

Persoonlike toewyding

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir ons regering...

- God is in beheer want dit is Hy wat konings aanstel en onttroon (Dan.2:20-22).
- Ons bid vir die wat regeer sodat ons in vrede mag leef, want God wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom (1Tim.2:1-4).
- Here, ons leiers se harte is in U hand; lei en rig hulle soos dit U behaag (Sp.21:1).
- Dat bose raadgeweres uit die teenwoordigheid van die regeringsleiers verwyder word (Prov.25:5).
- Dat alle duisternis en geheime onderhandelings aan die lig gebring sal word (Ef.5:13).
- Dat ons leiers na God se stem sal luister en nie na die stem van enige waarsêers nie (Deut.18:14).
- Vir vergifnis vir ons regering vir enige bloedvergieting, onreg, onsedelikheid en afgodsdiens (Joh.20:23).
- Dat ons regering nie teen Jesus sal draai nie, maar hulself met die waarheid versoen (Ps.2:2).
- Vir die stabiliteit van ons regering (Sp.28:2).
- Dat ons leiers wys sal wees en die Here met vrees en bewing sal dien (Ps.2:10-11).

Persoonlike toewyding

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord vir ons samelewing...

Vir die regstelsel

- Dat God se reg in ons land gevestig sal word (Jes.9:7).
- Vir vergifnis en genade vir die Kerk se deelname aan enige verdraaiing van die reg (Eks.23:2).
- Vir vergifnis en genade vir die Kerk vir partydigheid en aanvaarding van omkoopgeld (Deut.16:19).
- Dat reg herstel sal word in ons land sodat booswigte gestop sal word (Deut.16:20; Sp.21:3; Jes.56:1).
- Dat God ons gebede vir geregtigheid sal hoor en sal antwoord (Luk.18:7).

Vir veiligheid en sekuriteit

- Dat ons ons sekuriteit in die Here sal vind (Ps.4:8).
- Dat die Here ons sal beskerm (Ps.91:14).
- Dat die bose in hulle eie strikke sal val (Ps.141:10).
- Dat die Here se teenwoordigheid by ons sal wees wanneer ons deur moeilike omstandighede gaan (Jes.43:2).
- Dat die Here ons sal verlos van vrees (Luk.12:4; 2Tim.1:7).
- Dat ons geloof sal toeneem wanneer goed gebeur wat ons bang maak (Mat.8:26; Heb.13:6).
- Dat ons getrou sal bly, selfs al ly ons onreg (Op.2:10).

– Dat die vrede van God met ons sal wees (Joh.14:27).
– Dat die teenwoordigheid van God ons land so sal vul dat daar geen geweld in ons strate sal wees nie (Ps.144:14).

Vir versoening

– Dat almal sal besef dat alle rasse dieselfde oorsprong het en dat niemand beter as ander is nie (Hand.17:26).
– Dat God die wonde van rassehaat sal genees deur die Liggaam van Jesus, die Kerk (2Kor.5:18).
– Dat die Kerk alle rasse sal aanvaar, ongeag van kleur, agtergrond of sosiale status (Rom.10:12; Kol 3:11).
– Dat vergifnis en restitusie op 'n goddelike manier hanteer sal word (Eks.22:6-15).

Vir gesondheid

– Dat die son van Geregtigheid met genesing onder sy vleuels, in ons land sal opgaan (Mal.4:2).
– Dat die Here weereens ons Geneesheer sal wees en siektes en epidemies ver van ons sal wegneem (Eks.15:26; 1 Kon.8:37-39).
– Dat die Vrees van God in ons land genesing vir ons liggame sal meebring (Sp.3:7-8).
– Dat die evangelie met krag gedemonstreer sal word (Mat.9:35).

Persoonlike toewyding

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir die genesing van ons land...

- Ons bely dat ons land siek is en genesing nodig het (2 Kron.7:13-14).
- Dat waarheid en kennis van God sal toeneem sodat bloedvergieting, diefstal en onsedelikheid sal ophou (Hos.4:1-2).
- Dat die bloed van Jesus vergiffenis sal uitroep (Heb.12:24; Gen.4:12).
- Dat God die aanbidding van ander gode, wat die land geestelik besoedel, sal vergewe (Eseg.36:18).
- Dat God ons sal vergewe omdat ons op onsself vertrou het en nou onreg maai (Hos.10:13).
- Dat bloedvergieting sal ophou sodat diegene wat vlugtelinge is, rus kan kry (Gen.4:11,12).
- Dat God ons genadig sal wees en droogtes, hongersnode, stamgevegte en ekologiese rampe sal wegneem (Eseg.14:12-21).
- Dat God ons land se potensiaal om oeste te lewer, sal herstel (Gen.4:12; Rom.8:21).
- Dat God vir ons reën op die regte tyd, in die regte seisoene sal gee (Sag.10:1).
- Vir die regverdige verdeling van die land (Jes.5:8).

Persoonlike toewyding

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir die armes en behoeftiges...

- Dat God die gebede van die armes sal hoor en antwoord (Ps.12:5).
- Dat die armes hulle vertroue in God, wat in al ons behoeftes kan voorsien, sal stel (Ps.9:18; Fil.4:19).
- Dat God die armes sal red van dié wat hulle uitbuit (Ps.72:4).
- Dat God ons sal vergewe omdat ons nie die armes help soos ons moet nie, selfs al het ons oorvloed kos en gemak (Eseg.16:49).
- Dat die Kerk God se opdrag aan ons '... en maak julle hand wyd oop vir die armes in jou land', sal nakom (Deut.15:11).
- Dat ons regering armes eerlik en regverdig sal behandel (Sp.29:14).
- Dat dié wat in armoede verval het die geleentheid sal kry om vaardighede aan te leer, 'n werk te kry en om gewilliglik vir hulself te sorg (Sp.10:4; 28:19).
- Dat God ons mense sal bevry van luiheid en leeglêery (Sp.20:13).
- Dat die mense in ons land bekend sal staan vir hulle vrygewigheid en gewilligheid om met ander te deel (2 Kor.8:2; Hand.4:34).

Persoonlike toewyding

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir die wese en bejaardes...

- Dat God, die Vader van die wese en die Beskermer van weduwees, aan hulle reg sal laat geskied (Ps.68:5;Ps.10:2;14).
- Dat bejaardes en wese hulle vertroue in God sal plaas (Jer.49:11).
- Dat enige mishandeling van bejaardes en wese ontbloot en gestop sal word (Eks.22:22).
- Dat diegene in die sakewêreld ruim sal bydrae tot die bediening van die armes, wese en bejaardes (Deut.24:19; 26:12).
- Dat die regering die saak van die wese en bejaardes sal bevorder (Jer.5:28).
- Dat die Kerk sal onthou dat suiwer en onbesmette godsdiens is om na die wese en bejaardes om te sien (Jak.1:27).
- Dat die bejaardes met respek en eer behandel sal word (Lev.19:32).
- Dat die ouer generasie hulle wysheid sal deel en hulle profetiese verantwoordelikheid sal vervul (Job 12:12; Joël 2:28).

Persoonlike toewyding

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir huwelike en gesinne...

- Dat huwelike ‘n spieëlbeeld van Christus se verhouding met die Kerk sal wees (Ef.5:22-33)
- Dat mans hulle vroue sal liefhê soos wat Christus die Kerk liefgehad het en Homself vir haar gegee het (Ef.5:25).
- Dat mans hulle verantwoordelikheid in gebed sal opneem (1Pet.3:7).
- Dat vroue hulle mans sal respekteer en hulself sal onderwerp aan hul mans (Kol.3:18; 1Pet.3:1).
- Dat huwelike nie deur onsedelikheid besoedel word nie (Heb.13:4).
- Dat huwelike 'n goddelike nageslag sal voortbring (Mal.2:15).
- Vir die herstel van gesinne en dat die harte van ouers en kinders na mekaar sal terugdraai (Mal.4:6).
- Dat gesinne saam die Here sal aanbid (Deut.14:26; Hand.16:31).
- Dat gesinne hulself sal reinig van afgodsdiens en die Woord van God in hulle huise sal vestig (2Kon.23:24).
- Dat vaders hul verantwoordelikheid as hoof en priester van die gesin sal opneem (1Tim.3:4-5).
- Dat die gesinne van ons land gelowige huishoudings sal wees (Gal.6:10).

Persoonlike toewyding

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir die jeug...

- Dat kinders 'n goddelike opvoeding sal ontvang (Sp.22:6).
- Dat kinders op ‘n goddelike manier gedissiplineer sal word (Sp.23:13).
- Dat kinders behoorlik versorg sal word en nie op hulle eie gelaat word nie (Sp.29:15).
- Dat ouers kinders sal sien as ‘n seën en hulle nie sal aborteer nie (Ps.127:3).
- Dat die volgende geslag die werke van God sal ken (Ps.78:6).
- Dat die jonger geslag hulle hoop in God sal stel (Ps.78:7).
- Dat kinders sal verstaan dat gehoorsaamheid en die eer van hul ouers ‘n seën inhou (Eks.20:12).
- Dat ouers nie hulle kinders sal uitlok en veroorsaak dat hulle struikel nie (Ef.6:4-6).
- Dat die jonger geslag hulself, volgens God se Woord, rein sal hou (Ps.119:9).
- Dat die jonger geslag die uitnodiging van Jesus sal hoor, na Hom sal kom en Sy seën ontvang (Mar.10:14).
- Dat die jeug deur God geleer sal word (Ps.71:17).

Persoonlike toewyding

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, teen die Bose...

- Om hierdie rede is die Seun van God geopenbaar om die werke van Satan te vernietig (1Joh.3:8).
- Ons verklaar dat Jesus die naam bo alle name gekry het, en dat elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Jesus die Here is (Fil.2:10-11).
- Ons verklaar dat Jesus ons alle outoriteit oor die mag van die vyand gegee het (Luk.10:19).
- Ons verklaar dat ons wapens goddelike krag het om vestings neer te werp en argumente en opinies wat teen die kennis van God gerig is, te vernietig (2Kor.10:5-6).
- Ons verklaar dat Jesus Christus deur Sy sterwe aan die kruis al die owerhede en magte ontwapen het (Kol.2:13-15).
- Ons verklaar dat ons uit die mag van die duisternis gered is en geplant is in die koninkryk van die Seun van God (Kol.1:13-14).
- Ons verklaar dat die dood van Jesus Christus, die een wat die mag oor die dood besit het, vernietig het, en diegene wat gebind was deur die vrees vir die dood, vrygemaak het (Heb.2:14-15).
- Ons verklaar: dat Hy wat in ons is, is sterker as hy wat in die wêreld is (1Joh.4:4).
- Dat die God van vrede binnekort vir Satan onder ons voete sal vertrap (Rom.16:20).

– Dat die Kerk geklee sal wees in God se wapenrusting: Gordel van Waarheid, Borsplaat van Geregtigheid, Helm van Verlossing en die Skoene van die Bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig (Ef.6:10-18).
– Dat al die vurige pyle van die Bose deur ons Skild van Geloof uitgeblus sal word (Ef.6:16)
– Dat ons die Swaard van die Gees; die Woord van God sal opneem, terwyl ons bid en vyandelike grondgebied inneem (Ef.6:17-18).
– Dat ons oorwinning sal verkry deur die bloed van die Lam, deur ons getuienis en omdat ons nie die dood vrees nie (Op.12:11).
– Ons vra nou, Vader, in die Naam van Jesus Christus, dat U u menigvuldige wysheid, deur die Kerk, bekend maak aan die owerhede en magte in ons land. Ons bely Jesus Christus is die Koning van die konings en die Here van die here. (Ef.3:10; Fil.2:10; Op.19:16).

Persoonlike toewyding

Vra jouself: Waar staan ek met God?

- Is daar enige onbelyde sonde in my lewe?
- Vertroetel ek onvergewensgesindheid en bitterheid in my lewe?
- Is daar enige twyfelagtige aktiwiteite/ gewoontes in my lewe?
- Gehoorsaam ek die Heilige Gees in alles?
- Bely ek Jesus onbeskaamd?

Vra jouself: Leef ek 'n lewe van integriteit?

Laat elke Christen so leef om Christus te behaag:

- Moenie omkoopgeld betaal of ontvang nie.
- Betaal jou belasting.
- Moet niemand onreg aandoen nie.
- Hou by die spoedgrens en gehoorsaam verkeersreëls.
- Leef heilig met jou man/vrou. Breek met enige vorm van onsedelikheid.
- Wees goddelike vaders en moeders vir jou/jul kinders.
- Betaal billike salarisse en doen 'n eerlike dag se werk.
- Moenie negatief praat van die Kerk, regering of land nie.
- Wees betrokke by ten minste een projek of uitreik van barmhartigheid in jou gemeenskap.